Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52 Kaapstad 8001 Tel: 021 423 4209 Faks: 021 423 4210 / 424 2375
Epos: ontvangs@jvrprim.co.za Webtuiste: www.jvrprim.co.za
Skoolhoof: JH Oosthuizen

# BETALING VAN SKOOLFONDS – BEPALINGS EN VOORWAARDES

Betaling van skoolfonds is onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. Beide ouers en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerder is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van skoolgeld.

2. Betaling moet stiptelik teen die betaaldatum geskied. Indien maandelikse betaling aangebied word deur ouer/voog, moet betaling stiptelik voor of op die 2de dag van elke maand vanaf Februarie tot November geskied. Die ouer/voog dra uitdruklik self verantwoordelikheid vir die betalingswyse gekies, dit wil sê per tjek, kontant of elektroniese oorplasing. Elekroniese oorplasing word verkies. **Sou enige betaling nie teen die betaaldatum ontvang word nie, word die volle uitstaande jaarbalans van skoolgeld, soos op datum van nie-betaling, onmiddellik volledig betaalbaar. LSJvR mag dan, sou volledige betaling nie onmiddellik geskied nie, die volle bedrag vir invordering oorhandig.**

3. Indien agterstallige skoolgeld oorhandig word vir invordering, word die ouer/voog aanspreeklik gehou vir alle invorderingskommissie en kostes en fooie in terme van Wet 114 van 1998.

Dui asseblief aan op watter wyse u onderneem om te betaal:

- ☐ Eenmalige betaling voor of op 28 Februarie **(kwalifiseer dan vir afslag soos deur Beheerraad bepaal)**
- ☐ Maandelikse betaling
- ☐ Ek is van mening dat ek kwalifiseer vir gedeeltelik of volle kwytskelding van betaling van skoolgelde en sal dus daarvoor aansoek doen. Ek is ingelig dat bogenoemde vorm beskikbaar is by die skool. Ek onderneem om voor 28 Februarie aansoek te doen. Ek sal, gebaseer op die vermindering toegestaan, gelyke maandelikse betalings maak ten opsigte van die balans.

***Deur ondertekening van hierdie dokument aanvaar ek die bostaande bepalings en onderneem om die skoolgeld stiptelik te betaal soos ek hierbo onderneem het.***

Geteken op die ................... dag van ......................................20........... te ..................................................

.................................................................. HANDTEKENING: Ouer 1 / Voog 1

................................................................ HANDTEKENING: Ouer 2/ Voog 2